# ALLEREERS 3 – 'n Nuwe Hart

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Indien jy deelgeneem het aan die 21 Dae Vas en Gebed, wat was jou ervaring die afgelope week?**

---

---

**In die preek word 4 dinge genoem wat deel is van 'n lewe in die koninkryk: 1) 'n Nuwe Hart; 2) 'n Lewe wat Verander; 3) 'n Nuwe Doel; 4) 'n Nuwe Bestemming. Watter van hierdie dink jy moet meer sigbaar wees in ons lewe?**

---

---

**Hoekom dink jy wil God eers iets nuuts IN ons doen voordat Hy iets nuuts DEUR ons in hierdie wêreld doen?**

---

---

**Hoekom dink jy is dit belangrik dat ons anders moet lyk as die wêreld wat ons probeer bereik?**

---

---

**Dink jy dit is moontlik dat jou lewe dieselfde kan bly as jy 'n ontmoeting met God gehad het? Hoekom dink jy sê baie mense hulle is kinders van die Here, maar hulle leefwyse laat jou twyfel? Verduidelik.**

---

---

---

**Lees deur Efesiërs 2:1-10 beantwoord die vrae:**

**Wat is die gevolg van ons sonde en oortredings? Hoe stem dit ooreen met wat in Romeine 6:23 staan?**

**Wat is die terme wat gebruik word om verlossing in hierdie gedeelte te verduidelik? Hoe stem dit ooreen met Titus 3:5 en 1 Petrus 1:3?**

**Hoe sal jy vers 8 en 9 in jou eie woorde opsom?**

**Hoekom is dit belangrik om te besef dat ons niks kan bydrae tot verlossing nie?**

**Hoe sal jy vir iemand verduidelik wat dit beteken om jou geloof te plaas in Jesus?**

**Hoekom is dit belangrik om te bepaal wat jou doel is waarvoor God jou gemaak het?**

**Vir watter persone in jou wêreld kan julle bid dat hulle tot bekering kom?**

**Lees 1 Petrus 3:15. Op 'n skaal van 1 tot 10, hoe gereed is jy op die oomblik om die evangelie aan iemand te verduidelik? Op watter manier kan jou groep jou help om meer gereed te wees?**

**Lees Matteus 28:19-20. Vir wie is hierdie opdrag gegee – vir alle Christene of net sekeres? Hoe vergelyk jou lewe met jou antwoord? Verduidelik.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**